

**Maak vir julle albei
lekker warm baadjies
vir luilekker dae.
Deur Riana van
der Merwe**



**Parkas
vir
twee**

Die patrone vir die parka en omkeerbare baadjie is Sew Easy-patrone, maar lesers kan die patroon vir die groen omkeerbare baadjie gratis hier in Rooi Rose kry. Die patroon vir die geel baadjie en die twaalf variasies (patroon 11) kan van Sew Easy bestel word. Sien bl 81 vir meer inligting.

AFKORTINGS

AP = agterpant
VP = voorpant
MA = middel agter
MV = middel voor
BEL = belegsels
RK = regte kant
VK = verkeerde kant

ALGEMENE AANWYSINGS

- 1 cm naattoelating is reeds ingesluit
- Was kleeftof vooraf sodat dit kan krimp
- Gebruik bypassende masjiengare.
- Gebruik blokpatroonpapier om diagramme op te vergroot. Merk patroonlyne op blokkies met kolletjies en verbind dan kolletjies.
- Die baadjie op die diagram sal pas vir borsmaat 82 cm.

GROEN OMKEERBARE BAADJIE

Die baadjie is omkeerbaar en met watteersels gestop. Dit het 'n kappie, 'n skuifkoord in onder- rand, opgestikte sakke en maak met 'n ritssluiters voor toe

Benodigdhede

2 m elk stewige kleeftof soos koordferweel of denim, en geruite stof vir voering; 2 m watteersels; bypassende gare; sowat 1,5 m koord; omkeerbare oop-end ritssluiters; bostikselgare en buisboorsel (opsioneel)

Maak so

1 Vergroot patroondele volgens skaal en knip uit. Knip uit kleeftof vir buitenste baadjie en binneste baadjie elk:

1 x AP op vou, 2 x VP, 2 moue op vou, 2 kappies, 2 sakke.

Knip al die pante, behalwe die sakke, ook uit watteersels.


2 Werk rafelrande van sakke reg rondom af. Vou soom- en naattoelatings in op albei sakke en pars. Vou soom op voulyn na RK en stik weerskante, knip hoekies en dop terug. Maak bo-opstiksel.

Vou onderste hoek van sak skuins oor sodat RK opmekaar en afgewerkte rande gelyk is. Stik hoekie waar geparste lyne van naattoelatings bymekaar kom, met die stiksel reghoekig op die voorrand. Knip die hoekie af en keer om na die RK. Herhaal vir ander hoekie.

Plaas sakke in posisie op RK van baadjie VP en speld vas.

Gebruik lang reguit steke en stik vas met bo-opstiksel.

3 Steek watteersels op ooreenstemmende voeringdele vas en ryg reg rondom, 6 mm van rand af, vas. Maak voering: stik skouernate, stik moue in



1 blokkie = 10 x 10 cm




FOTO WILLEM DE LANGE; STILERING
RIANA VAN DER MERWE EN LIESL
SCHOEMAN; MODELLE LUCIO EN ANNI
VAN THE MODEL CO; LANGBROEKE VAN
STUTTAFORDS; SKOENE EN LEERSAK
VAN EARTHBOUND (012) 663 1737;
FOTO'S GENEEM BY THE COURTYARD AT
ARCADIA (012) 342 4940

mousgate vas en stik dan mou- en synate. Laat opening van sowat 15 cm in een mounaat. (Sien skets 1.)

4 Maak buitenste baadjie: as jy buisboorsel gebruik, stik dit eers met 'n ritssluitervoetjie by skouernate van VP, moukoppe en kappienaat vas. Stik skouernate, stik moue in mousgate vas en stik sy- en mounate aaneen toe.


5 Stik buisboorsel met ritssluitervoetjie by mourand vas - slaan punte van boorsel oormekaar. (Sien skets 2). Stik kappienate van baadjie en voering. Maak 'n knoopsgat aan weerskante van voeringkappie. Plaas kappies met RK en voorrande opmekaar en stik. Dop om en stik soos aangedui vir skuiftoelating. Stik kappie in hals vas, rand van kappie 1,5 cm van MV se rafelrande af.

6. Steek ritssluiters aan baadjie vas by MV, 5 cm van onderrand af en tandjies 1, 5 cm van MV rafelrand. Stik vas. (Sien skets 3). Stik voering aan baadjie vas, RK opmekaar, by ritssluiterrande en hals. Begin en eindig by punte van ritssluiters. (Sien skets 4.)

7. Stik onderrande van baadjie en voering vas. Trek voeringmou deur baadjiemou na buite. Plaas rafelrande opmekaar en stik moue aan mekaar vas. Dop baadjie deur opening in mou na RK. Werk voering met oorhandse steke toe.

8 Maak bo-stiksels op onderrand en 2 cm bokant onderrand, asook van onderrand van ritssluiters tot by skouernaat en by mourande as jy nie buisboord gebruik het nie. Ryg koord deur skuifies.

Skets 2



Skets 3



Skets 4



SEW EASY BESTELVORM

SEW EASY SE OPGELEIDE AGENTE bied naaldwerk-werkswinkels in Suid-Afrika, Namibië en Botswana aan. Beginners-, intermediër- en omkeerbare baadjie-kursusse word aangebied. Klubdae word maandeliks gehou om nuwe werkswinkels bekend te stel. Vir meer inligting oor jou naaste agent of 'n nuusbrief, skakel (021) 914-5112 (telefoon en faks). Sew Easy stel ook 'n bekostigbare apparaat bekend wat dit vir elke tuisnaaldwerker moontlik maak om haar eie drukknoppe en denimknoppe in te sit en knope van verskillende groottes oor te trek. Drukknoppe, knope om oor te trek en denimknoppe is addisioneel beskikbaar.



PATROON 12

PATROON 11
(12 VARIASIES)



ITEM	PRYS	AANTAL	SUB TOTAAL
Patroon nr 11 Dames windjekker, Omkeerbare baadjies/Parkas Groottes: 10 -22	R22.50		
Patroon no 12 Mans windjekker, Omkeerbare baadjies Groottes: Klein - ekstra groot	R22.50		
Sew Easy apparaat vir drukknoppe, knope oortrek en denimknoppe	R125.00		
Posgeld en verpakking			
1 Patroon	R3.50		
2 Patrone	R5.00		
Sew Easy apparaat	R15.00		
TOTAAL			

Ingesluit my posorder/tjek vir R.....

Naam.....

Adres.....

.....Kode.....

Tel.....(h).....(w)

GRATIS

Die eerste 10 bestellings van die Sew Easy Apparaat

Die eerste 20 bestellings van patroon no 11

Die eerste 20 bestellings van patroon no 12

● Geen bestelling per telefoon of faks ● Sew Easy en Republikeinse Pers aanvaar geen aanspreeklikheid vir geld of posstukke wat wegraak nie ● Maak posorder/tjek uit aan: Sew Easy/Rooi Rose-aanbod Denhumeweg 18, Kenridge, Durbanville, 7550

